

16 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 5:33-37

Fokusgedeelte: Matteus 5:37

Wees eerlik en praat altyd die waarheid

Koerantopskrifte en nuusberigte oor korrupsie en leuens is iets waarmee ons elke dag gekonfronteer word. Daarom luister ons weer aandagtig na die woorde wat Jesus in die prediking van die Bergrede tot ons rig. Nie om daarmee ander mense se optrede te beoordeel nie, maar dat ons elkeen tot selfondersoek sal kom. Hoe eerlik is ek en praat ek altyd die waarheid?

Hierdie is die vierde antitese waarmee Jesus die verkeerde gebruik van die wet deur die Skrifgeleerdes regstel. In die Ou Testament (Lev. 19:12, Num. 30:2 en Deut. 23:21) word oor die aflê van die eed gehandel. Die Skrifgeleerdes en Fariseërs het die klem van hierdie woorde verskuif. In hierdie gedeeltes is die betekenis: *Jy mag nie jou eed breek nie, maar moet die eed hou wat jy tot die Here gesweer het.* Die klem word op die leef en spreek van waarheid geplaas. Dit wat jy sê, moet jy ook regtig bedoel. Jou belofte moet jy uitvoer. Die belangrikheid van waarheid word beklemtoon in Psalm 132:11: *Die HERE het aan Dawid gesweer in waarheid (Hy sal daarvan nie terugkom nie):..*

Om die waarheid aan te pas, sonder om die wet te breek, het die Fariseërs allerhande kunsgrepe uitgevoer. Die werklike betekenis van die eed en waarheid het in die slag gebly. Sodoende kon hulle nou "wettig" lieg en bedrieg! Met presies dieselfde tekswoorde van die Ou Testament is die klem anders geplaas: *Jy mag nie jou eed breek nie, maar moet jou eed hou wat jy tot die Here gesweer het.* Daarom was daar verskillende eedformules wat die Fariseërs gereken het sommige kan jy hou en ander kan jy breek.

Dit is hierdie verkeerde gebruik van die eed en praat van die waarheid wat Jesus regstel. Ten opsigte van Homself het Hy gesê Hy is die Weg en die Waarheid en die Lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie. Die waarheid van sy koms na die aarde as Christus en Seun van God was só belangrik dat Hy dit onder eed bevestig het (Matt. 26:63, 64). Jesus verbied nie die regte gebruik van die eed nie. Hy veroordeel die verkeerde gebruik. Dan plaas Hy veral die klem op 'n waarheidsliewende lewe! Ons moet so lewe dat ons hele lewe deur die waarheid gekenmerk word. Dit moet nie nodig wees om woorde met 'n eed te bevestig nie. Eenvoudig moet my ja, ja wees en my nee, nee.

Leef ons werklik in alles die beginsel van waarheid uit? Gaan ons nie baiekeer selektief met die waarheid om nie? Onthou: 'n halwe waarheid is 'n volle leuen.

Sing: Psalm 89:2, 6 (Totius

Ds. P van Wyk (Bronkhorstspruit)